# DAAR IS "NIKS"

## WAARVOOR EK SKRIK NIE

---

*Hy is niks bang nie.*

[Die woord *niks* word saam met die adjektief (ofte wel "byvoeglike naamwoord") gebruik. Dit bepaal of spesifiseer 'n adjektief, naamlik *bang*. Daarom is *niks* 'n **bywoord wat graadaanduidend** is. Op skoolvlak sal dit 'n **bywoord van graad** genoem word.]

---

*Die boom het niks gegroei nie.*

[Die woord *niks* word gebruik om 'n hoofwerkwoord (naamlik *gegroei*) te bepaal of spesifiseer. Daarom is *niks* 'n **bywoord wat graadaanduidend** is. Op skoolvlak sal dit ook 'n **bywoord van graad** genoem word.]

---

*Niks maak my bang nie.*

[Die woord *niks* staan in die plek van 'n sinsdeel, soos *g'n ding*, en dit spesifiseer nie 'n bepaalde saak nie. Om hierdie rede is *niks* 'n **onbepaalde voornaamwoord**.]

---

*Ek het niks geld nie.*

[Die woord *niks* wat die betekenis 'nul' uitdruk, word saam met 'n naamwoord (ofte wel "selfstandige naamwoord"), naamlik *geld* gebruik. Hierdie naamwoord benoem 'n getalsongespesifiseerde saak. Daarom is *niks* 'n **telwoord**.]

---

